DIE GROOTSTE AFRIKAANSE VROUETYDSKRIF IN SA | ELKE TWEE WEKE TE KOOP

# Kuier

1 AUGUSTUS 2024




KAAPSE MA MAAK MAGIC MET MAKEUP – TOE SLAAN SY EMMY LOS!



## GEVAAR
Roof en kapings styg: Bly só veilig

## RUGBY-KOORS
Nou's dit 'n klubrugby -ding!

# ONS LEWE NÁ IDOLS
SASHA-LEE, KARIN, JODY & PAXTON: STERK DEUR DIE STORMS EN SUKSES

R29 (RSA; BTW ingesluit)
Namibië N$29.00
31377
9 772075 418004

# SY BLOM OP SPOGPLAAS

Dié blomkunstenaar van Babylonstoren se liefde vir die natuur en groen vingers het tot 'n droomwerk gelei DEUR HAIDEE MULLER-ISAACS



HOOFFOTO: Constance Stuurman is deesdae 'n tuin- en blomkunstenaar op die Franschhoekse spogplaas Bylonstoren.

Tuinmaak hou jou jonk en laat jou langer lewe, glo Constance Stuurman (53), tuin- en blomkunstenaar by die spogplaas Babylonstoren in Franschhoek. Haar groen vingers het sy by haar ouma en oumagrootjie geërf, wat elk langer as 'n eeu geleef het!

En dié joppie voel allermins soos werk, sê sy self, want so passievol oor tuinmaak soos sy is, is elke dag daar vir dié gebore natuurkind 'n, uhm, walk in the park.

Toe sy op 17 met skool klaarmaak, het Constance 'n gap-jaar gevat. "Die geleentheid was daar om te gaan swot, en eintlik moes ek 'n ingenieur geword het," vertel sy.

"Al het ek verskeie kantoorwerke gedoen, was tuinmaak maar in my bloed. Ons test drive mos als om te kyk waar ons inpas. Sou ek dieselfde liefde en passie wat ek nou het om elke dag met mense te gesels, kon uitleef as ek aangehou het met my kantoorwerk? Nee. Ek was op die regte plek op die regte tyd en ek is bly daaroor."

Sy't by 'n kwekery gewerk as plant propagator – sy moes nuwe plante uit sade, steggies, bolle en ander plantdele skep en versorg – toe haar pad kruis met Gundula Deutschländer, 'n meestertuinier by Babylonstoren.

Gundula het ses maande lank elke week so 6 000 wildeknoffelplante by Constance kom koop. "Ek was so nuuskierig oor wat sy daarmee doen, toe vra ek haar. Sy't verduidelik dis vir 'n tuin wat sy aanlê, en my genooi om by die Babylonstoren-tuinspan te kom aansluit."

Op 2 Augustus 2010, twee maande voordat dié spogplaas sy deure vir die publiek oopgeswaai het, het Constance daar ingeval, en 14 gelukkige jare later is sy steeds daar.

Hier bied sy soggens gewilde tuintoere aan. En wanneer sy besoekers op 'n toer deur hul pragtuine lei, gee sy 'n "electric performance", volgens die plaas se website.

"Dis lekker," vertel sy. "Die mense kom met die hele gesin. Dis 'n riem onder my hart dat ek nog mense kan inspireer wat nooit gedink het tuinmaak is hul ding nie."

Haar gunstelingdeel van die tuine is die Helende Tuin, waar 'n deel toegewy word aan Constance se spesiale immunity booster – 'n keur van Khoi-superkruie soos deur generasies Stuurman-vroue gebruik.

## IN DIE FAMILIE

Haar oumagrootjie Anna Stuurman en ouma Angeline Stuurman het haar als geleer oor kruie, vertel Constance.

Haar oumagrootjie het 113 jaar oud geword en ouma Angeline was 101 toe sy die wêreld gegroet het, daarom sluk sy en haar twee kinders vandag nog hul konkoksies as immune boosters af.

"Ons drink 'n mengsel van wildeals en wildedagga, kooigoed, boegie en wynruit.

"Gooi so drie blare van elk in 'n koppie. Laat hy trek. Ek gooi gemmer, suurlemoen en heuning by, want dan drink die kinders dit ook. Dis my oumagrootjie se resep en sy moes iéts reg gedoen het – hoekom anders sou sy 113 jaar oud kon word?"

Sy koester wonderlike herinneringe as 'n ouma-kind daar in Elsiesrivier, waar sy grootgeword het op 'n plot van sowat een hektaar. "Die familie het almal daar saamgebly en almal moes in die tuin werk; dit was amper soos spanwerk. En dís waar my liefde vir tuin en ook spanwerk begin het."

Soggens voor skool het die jongspan al om sesuur in die tuin geskoffel vir 'n uur. "Dan moes jy was, aantrek, ontbyt eet en dan skool toe. As jy terugkom, was jou huiswerk eers belangrik, dan kon jy vir 'n uur gaan speel en dan moes jy weer in die tuin werk vir seker 'n uur en 'n half."

Daai jare het hulle omtrent alles self gekweek en vars groente en vrugte uit die tuin geëet. "Natuurlik was daar kruie ook. Ons het niks kortgekom nie. Ons het selfs ons eie mieliebrood gemaak met die mielies uit die tuin wat ons self op die ou manier – met 'n klipsteen – gemaal het."

In daardie tuin het sy geleer wat Moeder Natuur jou eintlik kan bied. Sy was van dag een af heeltemal hooked. "Ons het geglo aan ons eie kos kweek en dat jou kruie jou medisyne is. Kruie is steeds my ding. En nou dra ek dit ook aan my twee kinders oor," vertel dié enkelma van Mariolynne (16) en McClarin (11).

Oor haar voormoeders kan sy skaars uitgepraat raak. Anna en Angeline het als sélf gedoen. "Hulle het nooit getrou nie en hul kinders self grootgemaak. Ek ook. Daarom is ek vandag 'n onafhanklike vrou."





BO: Sy leef op 'n prentjiemooi plaas en werk op 'n ewe mooi een, so Constance se dagtaak voel nooit soos werk nie, verklap sy. Sy leef ook nog soos haar voormoeders, wat albei oor 'n honderd geraak het.

Constance erken sy hou niks van reëls nie. "Sonder al daardie reëls is jy eintlik 'n creative. En ek is baie kreatief, juis omdat ek nie van reëls hou nie. 'n Creator speel rond met alles en die natuur is my lewe.

"As jy stres, gaan druk jou hande in die grond en raak ontslae van daai frustrasies. Dis vir my lekker om te kan hande vuilmaak. Daai connection tussen my en Moeder Aarde is amazing. Dit gee jou iets terug. Jy het dan ook meer energie vir jou kinders – en ek het juis nog jong kinders. Hulle is vurig en lewenslustig. Mamma s'n."

Sy en haar kroos bly op Lanquedoc naby Stellenbosch. Sy sê albei wil dokter word. "Kruie speel so 'n belangrike rol in my oudste se lewe, dié dat sy dokter wil word. Een van die eerste dokters van Lanquedoc – how cool is that? Maar sy's ook 'n goeie freestyle-danser en ek sal nie nee sê as sy eendag daai passie wil volg nie."

Haar seun kan dalk eendag beroepsrugby speel. "Hy is 'n fantastiese rugbyspeler, en ek is 'n sport fanatic wat jy Saterdae langs die rugbyveld kry. Ek was voorsitter van Lanquedoc se All Stars-rugbyklub."

Dié is hul hartsplek. "Hier is dit 'n geval van 'it takes a village'. Almal ken almal. Jy is omsingel deur berge, en ons doen nog dinge op die ou manier. Baie mense weet nie eens van dié mooi plek van ons nie. Dis 'n stukkie goud wat ek vir niks op aarde sal verruil nie. Jy sal baie geld moet betaal vir my view as ek soggens opstaan.

"En hier kry ek dit elke dag op 'n skinkbord. Dan is daar die wonderlike uitsig by my werk op Babylonstoren. Wie wil nié so 'n stukkie lewe hê nie?"

## NIE 'N 'TIPIESE' TUINIER

En, nee, sê sy, sy is nie jou tipiese tuinier nie. "Mense kyk na my en sê maar ek 'lyk dan nie soos 'n tuinier' nie. Hoe moet 'n tuinier dan lyk? Mag ons nie makeup dra of ons hare doen nie? Dit verwar mense. Ek dink ek's 'n eye-opener vir jongmense – 'n bewys dat tuiniers nie noodwendig met vuil naels en overalls rondloop nie."

En sy wil ook sommer nog 120 jaar oud word. "My ouma en oumagrootjie het geglo in hul kruie en hulle was gesond. Almal gaan nou eers aan oor organies eet, die oumense het dit lánkal gedoen en dit het gewerk. Tuinmaak hou jou jonk.

"Plante het my gebring tot waar ek nou is. Dit, tesame met my persoonlikheid, het my tot op TV laat beland. Party van ons moet gaan studeer en graadkry en vandaar onsself leer ken, en ander is gebore met natuurlike talente wat ons nie eens weet ons het nie. Ek het elke geleentheid aangegryp wat oor my pad gekom het."

Constance sê by Babylonstoren is daar ook aan haar "gebou en geskaaf", wat baie gehelp het op haar reis tot hier.

"Ek wil graag hê mense moet sien dat jy enigiets kan doen as jy positief is en nie bang is om te fail nie. Om net weer op te staan, af te stof en aan te gaan. Dán kan jy enigiets in hierdie lewe bereik."

En Moeder Natuur is in haar DNS. "Ek sal tot op my oudag myself tussen blomme en kruie kan uitleef, en om mooi trouvenues te skep."

Sy oorweeg 'n boek oor haar kruiekonkoksies om mense die medisinale waarde in hul eie tuin te wys. "Voor ek doodgaan, moet daai boek geskryf word." En dis genoeg tyd, want sy gaan mos 120 word …

FOTO'S: BABYLONSTOREN